NG KERK KUILSRIVIER-DE EIKE

# AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS

## SONDAG 7 JUNIE 2026

## TWEEDE SONDAG VAN KONINKRYKSTYD

## GEMEENTE DAGBOEK

### GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

*Ons bid vir die Winterhoop Projek en dié wat daardeur geraak word soos die koue tans in beweeg*

### LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

**Romeine 5:1-8; Genesis 18:1-15, (21:1-7); Psalm 16:1-2, 12-19; Matteus 9:35–10:8, (9-23)**

| **SONDAG, 7 JUNIE** | |
|---|---|
| | NASIONALE BIDDAG VIR BLINDES |
| 09:00 | Oggenddiens<br>Doop<br>Kleuter- en Kinderkerk<br>Deuroffer ten bate van: Innovation for the Blind<br>Erediensspan 3 – Elda vd Merwe |
| | **Na afloop van die Erediens** |
| • | Senior Kategese |
| GEEN | Gemeentetee |
| **MAANDAG, 8 JUNIE** | |
| 18:00 | Kooroefening by De Eike |
| 19:00 | Sportmanne Bybelstudie |
| 19:00 | Vroue Bybelstudie |
| **DINSDAG, 9 JUNIE** | |
| 09:30 | Senior Burger Bybelstudie |
| **WOENSDAG, 10 JUNIE** | |
| 09:30 | Vroue Bybelstudie |
| 09:30 | Othello Bybelstudie |
| **DONDERDAG, 11 JUNIE** | |
| **Sopkombuis** | |
| **Sopkokers:** | Jorina Botha, Riana Fick, Corra Kitshoff, Ina Van Niekerk, Ronel Williams, Linda Du Plooy |
| **Sop warm maak beurt:** | Christine Myburgh |

| VRYDAG, 12 JUNIE | |
|---|---|
| | |
| **SATERDAG, 13 JUNIE** | |
| | |
| **SONDAG, 14 JUNIE** | |
| | DERDE SONDAG VAN KONINKRYKSTYD<br>BIDDAG VIR DIE JEUG EN KATEGESE |
| 09:00 | Oggenddiens<br>Deuroffer ten bate van: Jeugwerk<br>Erediensspan 4 – Robert Rootman |
| | **GEEN**<br>• Senior Kategese<br>• Kleuter- en Kinderkerk<br>• Gemeentetee |

# GEMEENTENUUS



1. Ons het die volgende lidmaatskappe ontvang:
   Barry en Rhona Pieters vanaf Suider-Strand.
   Louisa Steyn vanaf Bellville-Noord.
2. Die volgende baba's word vanoggend gedoop:
   Carika en Rossouw Steyn baba's van Louisa Steyn en Ninienne Rossouw.
   Aurora Greeff, dogtertjie van Mara-Louise Greeff en Foster Smith.
3. Pierre en Martie Swart (Othello) het die afgelope week hul 59ste huweliksherdenking gevier.
4. Leonore Everts (Bosduifstraat) begin hierdie week met behandeling.
5. Zerelda Esterhuizen (Zevenwacht Country Estate) se ma, Christine de Wet, is steeds in die hospitaal.
6. Marita Pienaar (Koistraat) het die week 'n operasie ondergaan.
7. Annette de Villiers verhuis van Othello na Immanuel Versorgings Huis, dink aan haar met die skuif.
8. Johnny Wassüng (Othello) is in die hospitaal.
9. Ria van der Merwe (Othello) se seun is in die hospitaal.
10. Kobus Badenhorst (Klaradyn) is in die hospitaal.

# VERJAARSDAE VIR DIE WEEK



07/06 Riëtte Matthee, Alta Pienaar(82), Pierre Swart(84), Rita Walters
Natalie van der Merwe, Alicia Gourrah
09/06 André Penderis, Linda Coetzee, Corné Wessels
10/06 Engela Franken(80), Johan Nel, Renier Pienaar, Haylie Janse van Rensburg, Yolanda Vosloo, Melita Burger, André Steenkamp, Bettie Aucamp(86)
11/06 Carien Bester
12/06 Emily Clark, Shane Scott
13/06 Conrad Groenewald, Izak Maartens, Adriaan Kaltwasser, Neré Scholtz

# KERKKANTOOR

Die kerkkantoor sal **gesluit** wees **Maandag 15 Junie 2026**, aangesien Dinsdag 'n openbare vakansiedag is en Maandag 'n skole vakansiedag is.

# VANDAG SE SINODALE DEUROFFER

**INNOVATION FOR THE BLIND (WORCESTER)**

Innovation for the Blind bied aan meer as 350 mense met sig- en meervoudige gestremdhede ‘n veilige tuiste en 'n plek waar hulle kan floreer. Hier word elke inwoner nie net versorg en ondersteun nie, maar kry hulle ook die kans om waardevolle vaardighede te ontwikkel in ‘n beskermde leef- en werksomgewing. Dit is 'n ruimte waar elke persoon met trots en menswaardigheid kan groei en nuwe selfvertroue kan vind.

Alhoewel ons organisasie oor 144 jaar baie uitdagings deurgemaak het, is ons steeds ‘n helder lig in die donker wêreld van diegene wat hier ‘n heenkome vind. Dit is ‘n prestasie wat ons slegs kon bereik danksy die standvastige ondersteuning van ons geloofsvriende en vennote. Ons vra u vriendelike voorbidding vir die waardevolle werk wat hier daagliks gedoen word en vir die mense wat hierdie liefdevolle tuiste hul eie noem.

Kom wees deel van hierdie pad saam met ons – help ons om hoop, lig en die krag van ‘n nuwe begin te bring.

023 347 2745 | reception@innovationfortheblind.org | www.innovationfortheblind.org

# NUUS UIT DIE FINANSIESKANTOOR

Ek gee graag terugvoer rakende die afgelope 3 maande se syfers:

| | **Maart 2026** | **April 2026** | **Mei 2026** |
|---|---|---|---|
| Maandelikse dankoffers | 194 404 | 244 329 | 189 901 |
| Totale inkomste | 295 934 | 344 159 | 540 502 |
| Totale uitgawes | 401 824 | 404 516 | 443 066 |
| **Surplus / (Tekort)** | **(105 890)** | **(60 357)** | **97 436** |

Ons het ‘n maandelikse surplus gerealiseer gedurende Mei, hoofsaaklik te danke aan die verkope van Akkerblare. Gepraat van die Basaar: ek weet ons almal sit en wag in spanning vir ‘n aankondiging oor die totale inkomste van die Basaar en ons wil graag weet of ons ons teiken-inkomste gehaal het. Soos ek hier sit en skryf, weet ek self ook nog nie wat die antwoord is nie, want daar was baie uitstaande fakture en rekonsiliasies wat gedoen moes word na afloop van die basaar verlede naweek. Ek hoop om Sondagoggend tydens die erediens ‘n aankondiging te kan maak, en ons sal dan ook die inligting op die blok-whatsapp-groepe versprei. Tog was die groter doel van die basaar vir my die geleentheid om as gemeente, en as gemeenskap, te kon saamkom en saamkuier en in daardie doelwit het ons geslaag. Aan Ons Vader alle eer en dank daarvoor!

Groete tot volgende maand,
Elmari Schwenke-van der Walt

# KERKBODE




Die jongste uitgawe van die Kerkbode is by die deure beskikbaar.

Neem gerus een.

# AKSIE SAMARITAAN



# WINTERSPROKIE ETE




# MARKPLEINKERK




# SENIOR KATEGESE



Pannekoek na die Erediens

Kom ondersteun ons Senior Kategese op Sondag 21 Junie deur ná die erediens heerlike varsgebakte pannekoeke te koop.

Prys: Slegs R5 per pannekoek.

Bring die hele gesin saam en geniet iets lekkers terwyl julle kuier. 'n Eenvoudige gebaar wat 'n groot verskil maak.

Baie dankie vir julle ondersteuning!

# PREEKSKETS - SONDAG



## Tema: “Onthou Wie Jy Is”

**Prediker**: Ds Johan Janse van Rensburg

**Skriflesing:** Genesis 17:1-14

Wat beteken dit om elke dag uit ons doop te leef? Genesis 17 help ons om hierdie vraag te beantwoord. Hier ontmoet ons God as die Verbondsgod. Die Here verskyn aan Abraham en sluit 'n verbond met hom. Wat opvallend is, is dat hierdie verbond nie begin by Abram se getrouheid nie, maar by God se genade. God weer na hom toe en sê: “Ek rig my verbond op tussen My en jou.”

Die opvallende ding in hierdie hoofstuk is dat God die hoofrol speel. God sê nie vir Abraham: “Bewys eers dat jy goed genoeg is, dan sal Ek jou God wees” nie. Hy sê ook nie: “As jy alles reg doen, sal Ek jou kies” nie. Nee, God neem die inisiatief. God kom na Abraham toe. God maak die belofte. God sluit die verbond. God verbind Homself aan Abraham en sy nageslag.

Dit is die hart van die Bybelse verbond. Die verbond begin nie by mense nie; dit begin by God. Die verbond begin nie by ons gehoorsaamheid nie; dit begin by God se genade. Dit is eintlik die verhaal van die hele Bybel. Van die begin af was die verbond God se manier om sy liefde, genade en trou aan mense bekend te maak. God het geweet dat mense nooit volkome getrou sou wees nie. Hy het geweet dat ons sou struikel, afdwaal en soms selfs teen Hom sou draai. Tog het Hy ook geweet dat Hy self altyd getrou sou bly. Daarom rus die verbond nie op die mens se vermoë om God vas te hou nie, maar op God se besluit om ons vas te hou. Die verbond is die verhaal van 'n God wat Homself verbind aan mense wat dit nie verdien nie.

Dit is waarom die verbond so belangrik is vir ons identiteit. Die verbond herinner ons dat ons waardig is omdat God ons liefhet. Die wêreld probeer aanhoudend vir ons vertel wie ons is. Party mense vind hulle identiteit in hulle werk. Ander in hulle sukses, hulle voorkoms, hulle status of hulle besittings. Maar al hierdie dinge is broos. Dit kan verander of verdwyn. Die verbond gee vir ons 'n identiteit wat nie verander nie. Dit vertel vir ons dat ons eerste en laaste aan God behoort.

Die wonder van die doop is dat dit ons help onthou wie ons is wanneer ons dit self vergeet. Maar die doop vertel ’n ander verhaal. Die doop sê dat God jou liefgehad het voordat jy enigiets bereik het. Die doop sê dat God sy Naam oor jou uitgeroep het voordat jy enigiets kon bewys. Die doop sê dat God Homself aan jou verbind het voordat jy iets vir Hom kon doen. Wanneer die water van die doop vloei, is dit God se verklaring dat sy liefde eerste kom. Dit is God se manier om te sê: "Jy behoort aan My." en "Jy is My kind."

Die doop word dan nie net 'n gebeurtenis uit die verlede nie, maar 'n werklikheid wat ons hele lewe vorm. Dit beïnvloed hoe ons na onsself kyk, hoe ons na ander mense kyk en hoe ons ons plek in die wêreld verstaan. Om uit ons doop te leef beteken daarom om elke dag vanuit hierdie identiteit te leef.